

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 48:1, 5 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.  
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,  
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.  
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,  
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,  
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.  
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –  
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:  
Die God is ons God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

Skrifberyming 6-1:3-5 (11:3-5) (Wysie; Ps 145)

- 3 En toe het Hy, terwyl hul na Hom staar, / geruisloos opgestyg en weggevaar.  
'n Digte waas het Hom geheel oordek, / 'n wolk het Hom sag aan hul oog onttrek.
- 4 Terwyl hul smagtend na die hemel kyk / en Jesus altyd verder van hul wyk,  
het daar twee manne<sup>o</sup>in wit gewaad kom staan, / die spreek hul met 'n hemelboodskap aan:
- 5 O manne, nou vereensaamd en alleen, / wat staan en staar jul na die hemel heen?  
Die Jesus wat gevaar het na omhoog, / sal net so kom, verheerlik voor die oog."

Skriflesing: Eksodus 19 en Matteus 28:16w.

Teks: Matteus 28:18

**Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde." (Matteus 28:18 AFR1953)**

Voordat die Here weggegaan het, het Hy daar op die berg aan die dissipels opdrag gegee om te gaan en dissipels te maak van al die nasies.

- Wanneer mense tot bekering gekom het, moes hulle gedoop word in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.
- Met die doop het hierdie mense se geloofspad nie opgehou of die eindpunt bereik nie.
- Die Here se opdrag is dat almal wat tot bekering gekom het en gedoop is, geleer moet word om alles te onderhou wat die Here ons beveel het (28:19).

Kom ons gaan na die Bybel toe en leer self weer wat al die dinge is wat die Here aangaande Homself

aan sy kerk geopenbaar het.

- *Ons kyk spesifiek na enkele van die openbaringe van die Here op die berg, want ons kom agter dat die Here die meeste openbaringe wat op ons verlossings-geskiedenis betrekking het, op die berg van die HERE maak het.*

Ons lees baie vroeg in die Bybel van die besondere openbaring van die Here op die berg van die HERE.

- Die Here het byvoorbeeld Vir Abraham gesê hy moet Isak gaan offer op die plek wat die Here vir hom sal wys. Die plek was die berg Moria, op die berg van die HERE.
- Maar daar het die Here Abraham gekeer om Isak te offer, en 'n ram voorsien wat in Isak se plek geoffer kon word.

Dit was 'n *openbaringsvoorspel* dat die Here Jesus later op hierdie berg as 'n Middelaar voorsien sou word, om in ons plek vir ons sondes te sterf. Dit kom ook uit in Abraham se woorde:

**Toe noem Abraham die plek: “Die Here voorsien.” Daar word nou nog gesê: “Op die berg van die HERE word voorsien.”** (Genesis 22:14 AFR1953)

Van hierdie selfde bergreeks af het die verlossing vir Israel uit Egipte begin.

- Dit was hier, by Horeb, die berg van God, waar Moses die kleinvee van sy skoonpa Jetro, 'n priester van Midian, opgepas het (Eksodus 3:1).
- Die Here het hom daar geroep en aangesê om die volk te gaan haal. Die Here het bygevoeg dat Hy twee dinge as bewys gee dat Hy Moses gestuur het:
  - Die Here sal saam met hom gaan,
  - en wanneer hy die volk uit Egipte bevry het, sal hulle die HERE by hierdie berg aanbid. (Eksodus 3:12)

Dit het toe presies so gebeur. Terwyl hulle by die berg van God met die laer gestaan het, het daar verskillende dinge gebeur:

- Jetro, Moses se skoonvader, het sy seuns en sy vrou na Moses toe gebring (18:5).
- Die HERE het die wet daar gegee.
  - Die HERE het Moses en die leiers verskillende male na Hom toe geroep om sy bevels en openbaringe aan hulle te gee.
- 'n Belangrike gebeurtenis is dat die HERE vir Moses gesê het dat die volk oor drie dae gereed moes wees, want toe het die HERE voor die oë van die hele volk na Sinaiberg toe afgekom (Eksodus 19:11). Die Bybel beskryf dit verder so:

**En op die derde dag toe dit môre word, was daar donderslae en blitse en 'n swaar wolk op die berg en die geluid van 'n baie sterk basuin, sodat die hele volk wat in die laer was, gebeef het. Daarop het Moses die volk uit die laer gelei om God te ontmoet, en hulle het gaan staan by die voet van die berg. En die hele berg Sinai het gerook, omdat die HERE in 'n vuur daarop neergedaal het. En sy rook het opgetrek soos die rook van 'n oond, en die hele berg het vreeslik gebewe.** (Eksodus 19:16-18 AFR1953)

- Toe die volk die donderslae en die klank van die ramshoring hoor, en die weerligte en die rook op die berg sien, het hulle van angs gebewe en op 'n afstand bly staan (Eksodus 20:18).
- Die heerlijkheid van die HERE het op die berg Sinai gebly, en die wolk het dit ses dae lank oordek.
- Die magtige teenwoordigheid van die HERE het vir die Israëliete gelyk soos 'n gloeiende vuur op die berg (Eksodus 24:16, 17).

**En die heerlijkheid van die HERE het op die berg Sinai gebly, en die wolk het dit ses dae lank oordek. En op die sewende dag het Hy na Moses geroep uit die wolk. En die verskyning van die HERE se heerlijkheid was in die oë van die kinders van Israel soos 'n**

## **verterende vuur op die top van die berg.**

(Eksodus 24:16-17 AFR1953)

Hier het iets baie belangriks gebeur, wat ons moet onthou wanneer ons na die hemelvaart van die Here Jesus kyk.

- *Toe die HERE hier voor die oë van die volk afgedaal het tot op die berg het die HERE die Tien Gebooie vir die volk gegee. Dit was die instelling van die verbond wat deur die wet beheers was.*
- Die hemelvaart het saamgeval met die instelling van die nuwe verbond – naamlik die verlossingsverbond in die bloed van die Here Jesus Christus – wat met die kruisiging tot stand gekom het.
- *Met die instelling van die ou verbond het die HERE sigbaar voor 'n jong kerk neergedaal op die berg. Daarmee het die HERE hulle verseker dat Hy in hulle midde is en dat Hy saam met hulle in die toekoms ingaan.*
- Met die hemelvaart het die Here Jesus met sy liggaam van ons af weggegaan, maar met sy Gees het Hy nooit van ons af weggegaan nie. Trouens, met die uitstorting van die Heilige Gees het die Here sy ewige teenwoordigheid in sy kerk bevestig.
- *Die kerk in die woestyn het nog nie die volle openbaring van die Here gehad soos wat die Nuwe-Testamentiese kerk dit nou het nie. Daarom het die HERE vir hulle gewys dat Hy fisies by hulle is.*
- Ons moes al geestelike volwassenheid bereik het, en daarom is die eis aan ons anders: Ons moet onder die leiding van die Heilige Gees die kerk van die Here onder alle volke vestig deur die volle openbaring van die verlossing deur die Here Jesus aan hulle te verkondig.

Dit was op hierdie selfde berg waar die HERE *Elia tot verantwoording geroep het* en teruggestuur het om die gelowiges in sy volk te gaan bystaan.

- Nadat Elia die agthonderd en vyftig profete van Baäl en Asjera doodgemaak het, het hy gevlug en hier op die berg in 'n grot weggekruip.
- Daar het die HERE vir hom gesê:

**Gaan uit en staan op die berg voor die aangesig van die HERE. En kyk, die HERE het verbygegaan** (1 Konings 19:11 AFR1953)

**Kom uit, en gaan staan op die berg voor My, die Here, Ek wil verbygaan**  
(1 Konings 19:11 AFR1983)

- Skielik was daar 'n baie sterk wind wat die berg stukkend geruk en die rotse gebreek het voor die HERE. Maar in die wind was die HERE nie.
- Na die wind was daar 'n aardbewing. Maar in die aardbewing was die HERE nie.
- Daar was ook nog 'n verskriklike vuur waarin die HERE nie was nie.
- Laaste was daar 'n geweldige stilte. Daarin was die HERE  
(1 Konings 19:11, 12).

Die openbaring van die Here op die berge het voortgegaan.

- Toe die Arameërs Elisa wou vang, het hulle Dotan in die nag omsingel.
- Elisa se kneg was baie bang. Toe het Elisa gebid: “HERE, maak tog sy oë oop dat hy kan sien.”
- Die HERE het die oë van die slaaf oopgemaak, en hy het gesien: *die berge rondom* Elisa was vol perde en strydwaens van vuur (2 Konings 6:17).

**En Elísa het gebid en gesê: HERE, open tog sy oë, dat hy kan sien. En die HERE het die oë van sy dienaar geopen, dat hy kon sien, en meteens was die berg vol perde en waens van vuur rondom Elísa.** (2 Konings 6:17 AFR1953)

Daarmee het die Here geopenbaar dat Hy die magte van die hemel rondom die mense vir wie Hy lief is, span.

- Geen mag kan aan ons raak as God dit nie wil nie.
- Die bereidheid van die Here om magte wat ons bedreig selfs totaal te vernietig, is duidelik in dit wat die kneg sien: Die berge lê vol magte wat soos vuur lyk. Die vuur is die toorn en oordeel van die Here.

In die Nuwe Testament loop ons die *openbaring van die Here op die berg weer raak*.

- Die eerste keer was dit na die Here Jesus se doop, toe Hy versoek is.
  - Hierdie keer bedreig die kwade magte nie sy volk nie. Hulle probeer die Here self aanval.
    - Die Here openbaar aan ons dat die duiwel Hom na 'n baie hoë berg toe geneem het.
    - Daar het hy vir Jesus al die koninkryke van die wêreld met hulle prag gewys.
    - Hy het die Here belowe dat hy alles vir Hom sou gee as die Here hom sou aanbid.
    - Die Here het dit toe geweier (Matteus 4:8).

**Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlijkheid, en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid. Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.** (Matteus 4:8-10 AFR1953)

- Die Here Jesus het geweet dat Hy uiteindelik met die duiwel in sy volle geweld gekonfronteer sal word wanneer Hy gekruisig word. Hy sal met sy dood en opstanding uit die dood die duiwel se mag oor die dood en die gelowiges breek, en sodoende die duiwel in sy mag insluit.

Dit is waarom die Here aan die dissipels aankondig:

**Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde.**

Hy het meer mag as wat die duiwel Hom aangebied het toe hy die Here versoek het. Jesus het nou alle mag in die hemel en op die aarde.

- Daar was ook nog die geleentheid op hierdie berg waarvan Petrus onthou.
  - Hy sê dat hulle saam met die Here Jesus op die berg was toe God die Vader eer gegee het aan Jesus Christus. Almal van hulle het God se stem gehoor toe Hy gesê het:  
**. . . want Hy het van God die Vader eer en heerlijkheid ontvang toe hierdie stem uit die luisterryke heerlijkheid tot Hom gekom het: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.** (2 Petrus 1:17 AFR1953)

**En hierdie stem het ons uit die hemel hoor kom toe ons saam met Hom op die heilige berg was.** (2 Petrus 1:18 AFR1953)

Kyk net hoe geweldig was die dinge wat die Here Jesus moes deurgaen. En Hy het. Hy het ook daarmee bewys dat Hy die ewige God is!

- Hy het dit alles gedoen sodat ons die sekerheid van die ewige lewe kan hê.
- Hy het alleen en sonder enige hulp die dood oor Hom weggebreek. Toe die dissipels by sy graf kom, was Hy weg.

Met dieselfde daad het hy ook die dood oor ons weggebreek.

- Dit is daardie God wat mag het oor die dood en oor die lewe, wat vir ons sê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde.
- Hierdie Seun van God het op dieselfde berg van die Here – op Golgota – gebuig voor die volle oordeel van God oor elke uitverkorene se sondes.

- Drie ure se donkerte het daar oor die berg toegesak.
- Die tempel, wat ook op die berg van die Here gestaan het, se voorhangsel het middeldeur geskeur. Daarmee het God aangetoon dat die versoening volbring is en dat die dinge wat ons van Hom geskei het, nou uit die pad geruim is.
- Dit is ook waarom Jesus daar op die berg kon aankondig:
- **En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.**  
(Matteus 28:20 AFR1953)

Die vraag is: Wat word van ons in die tydperk na die einde van die wêreld?

- Die profete het al hierop geantwoord.
- En merkwaardig genoeg, was hierdie berg elke keer deel van die openbaring wat God hulle gegee het oor die tyd nadat die wêreldgeskiedenis verbygegaan het.

Luister na twee van hierdie uitsprake waarin geprofeteer word dat daar in die hiernamaals ook 'n berg van die Here is, en dat die Here sal voorsien dat alle gelowiges daar in volmaakte vrede en geluk sal woon:

- Op hierdie berg gaan die Here die Almagtige 'n feesmaal gereedmaak vir al die volke – 'n feesmaal met die beste om te eet en te drink, goeie kos en geurige wyn (Jesaja 25:6; Jesaja 2:2; Jesaja 4:5).
- Daar kom 'n tyd (En aan die einde van die dae...) dat die berg waarop die huis van die Here is, 'n blywende plek sal hê bokant die bergtoppe en sal uitstaan bo die heuwels. Die volke sal daarheen stroom . . . (Miga 4:1).

Die Skrywer van die Hebreërbrief (12:22) verwys ook daarna dat ons gekom het by Sionsberg en die stad van die lewende God – dit is die hemelse Jerusalem met sy miljoene engele, by die feestelike samekoms . . . Dit verwys na die hiernamaals wat deur die Here Jesus vir ons voorberei is.

**Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tien duisende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges,**

(Hebreërs 12:22-23 AFR1953)

Dit is nie net 'n simboliese voorstelling van 'n heerlike hiernamaals nie.

- Die apostel Johannes het in die dinge wat die Here aan Hom geopenbaar het, ook hierdie berg en die nuwe Jerusalem gesien.
- Luister wat skryf hy in Openbaring 14:1:

**En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe.** (Openbaring 14:1 AFR1953)

Ons Bybel skryf in die heel laaste hoofstuk nog weer 'n keer van 'n hoë berg en die stad wat die Here daarop laat neerdaal het:

**En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal;** (Openbaring 21:10 AFR1953)

Ons is die mense op wie hierdie beloftes van Hom betrekking het.

- Ons is van die mense wat as gevolg van sy opdrag aan die dissipels daardie dag tot bekering gekom het en gedoop is in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.
- Die eindpunt van ons doop is verlossing van al ons sondes en ons toetrede tot die stad op die hoë

berg – die stad wat van God af uit die hemel sal neerdaal.

Daar kom 'n oomblik wanneer die Here Jesus weer kom, en dan gaan dit ten volle geopenbaar word dat alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee is.

- Ons moet Hom sien soos Hy nou is! Hy is nie meer 'n mens wat deur ander mense en die duiwel gekasty word nie.
- Johannes het Hom gesien waar Hy nou is, en Hy sê dat die heiligheid en die heerlijkheid wat die Here nou het, so oorweldigend is dat dit hom soos 'n dooie teen die grond neergegooi het.

Die kerk bestaan voort onder die Koningskap van hierdie almagtige Here Jesus Christus. Al hierdie mag wend Hy aan tot ons beskerming.

- Die engele in die hemel word uitgestuur om oor ons te waak, en ons te lei op ons paaie.
- In die hemel maak God ook vir ons plek reg om te gaan woon.
- Die Here Jesus bid vir ons. Hy is altyd by ons, en daarom vergeet Hy ook nie van ons nie – sy voortdurende gebede bewys dit.
- Na sy Gees wyk Hy nooit meer van ons nie.

### **Toekomspektief**

Maar Hy kom ook weer terug.

- Hy kom as Maghebber.
- As die Enigste Regter wat mag het om te oordeel oor alles en almal, en wat sy oordeel nie laat bevraagteken nie.

Hy waarborg jou saligheid, want Hy kan.

- Daar is geen probleem of teistering wat oor jou kan kom wat Hy nie kan verander nie – Hy het alle mag in die hemel en op die aarde.
- Al het Hy hemel toe weggevaar, is jy nooit alleen nie – Hy bly by jou tot aan die einde van die wêreld.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 74:2 (p. 372)

- 2 Dink aan u volk, aan u gemeente weer, / wat U voorheen as gunsvolk uitgelei het,  
die stam wat U as erfdeel toe verkry het / aan Sions berg, u woonplek van weleer.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville

Datum: 1 Mei 2008 (Hemelvaart)